# Waterkruik

Die Gereformeerde Kerk WATERKLOOFRAND

JAARGANG 65 NO 7 15 Februarie 2026

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENS VANDAG EN VOLGEDE SONDAG

Vandag se oggenderediens is 'n voorbereidingsdiens met die oog op die viering van die Heilige Nagmaal volgende Sondag 22 Februarie.
Daar sal ook vanoggend 5 van ons jongmense belydenis van hulle geloof aflê.
Die nabetragting sal tydens die aanderediens geskied.

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie
***By die deure:*** **GKSA Sustentasiefonds**
Doel: Om kerke wat nie finansieël onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.



## DIENSBEURTE

**Sondag 15 Februarie**
**Oggend: Wyke 22 & 23**
*Oudle:* Theo le Roux
Chris Swanepoel
*Diakens:* Louw Lemmer
Braam Smith
Deon van der Merwe
Leon Haasbroek
**Aand: Wyke 24**
*Oudle:* Hennie du Plessis
*Diakens:* Phillip Fourie
David Kleyn

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Sondag:**
**Bybelstudie:** Na die aanderediens vir die naskooljeug (18 – 30)

**Maandag:**
Graad 8: 17:15-18:00
Graad 11:18:00-18:45
Graad 9&10: 19:15-20:00

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie – Konsistorie
19:00 Ouderlingevergadering

## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyke 17 & 15 olv Susan Tredoux en Sophia Theunissen, en al die ander susters wat help, nooi u hartlik uit om te kom skink, drink en kuier na die erediens.

## OUDERLINGEVERGADERING

Die kerkraad (ouderlinge) vergader Donderdagaand om 19:00 in die saal.

*Ons vra u voorbidding vir die Here se seën op hierdie vergadering.*

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Wees vir my 'n rots om na toe te vlug, waar ek altyd die veiligheid mag vind wat U tot my redding beskik het, want U is my rots en my vesting." Psalm 71:3*

*Sondag 15 Februarie*

| | |
|---|---|
| Hannie Kuschke | 072 242 8880 |
| Esbé Moolman | 073 280 3150 |

*Maandag 16 Februarie*

| | |
|---|---|
| Donovan Nel | 072 256 8429 |

*Dinsdag 17 Februarie*

| | |
|---|---|
| Matt Myburgh | 072 845 6572 |

*Donderdag 19 Februarie*

| | |
|---|---|
| Jany Landsberg | 083 592 1581 |
| Johannes Oosthuizen (3) | 082 415 4507 |
| Righardt Smidt (8) | 082 566 7633 |

*Saterdag 21 Februarie*

| | |
|---|---|
| Petrieg du Plessis (1) | 083 410 3226 |
| Wihann Lee (14) | 084 517 7104 |
| Tobia Steyn | 082 354 7053 |
| Andreas van Heerden (2) | 082 604 3352 |
| Piet van Staden | 082 303 0117 |



*Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook die wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk. Jesaja 55:1*

## MEELEWING

Ons wens *Kenneth 073 632 2457 en Sumé 079 998 6800* Boy hartlik geluk met hulle seuntjie, Stephan, se geboorte op 31 Januarie. Ons bid hom die Here se ryke seën toe. Mag hy julle baie vreugde verskaf

Hartlik geluk aan *Jacques 073 245 8307 en Alize 082 553 0192 Tredoux* wat hulle 2de babatjie in Julie verwag. Mag dit vir julle as gesin 'n vreugdevolle tyd wees.

*Sophia Theunissen* 082 873 5942 ondergaan Dinsdag 'n knievervangings-operasie. Ons bid dat die Here jou sal vashou in sy Vaderhand en die operasie sal seën en dat jy gou weer op die been sal wees.

Dit gaan goed met *Jannie Erasmus* wat Woensdag 'n operasie ondergaan het om nog kanker op sy kopvel te verwyder. Ons bid jou volkome herstel toe. 082 437 7188

Ons dink met liefde aan br. *Piet Robbertse* (94) wat onlangs 'n tweede beroerte gehad het en nou volkome versorg moet word. Ons bid hom krag en genade toe vir elke dag.

*Ester Boshoff* was die afgelope week in die hospitaal agv hoë bloeddruk en onegalige hartklop. Sy sterk tuis aan. 082 376 2236

Ons wens *Chris en Sarita Swanepoel* hartlik geluk met die geboorte van hulle eerste kleinkind, 'n dogtertjie. Mag sy vir julle en haar ouers baie vreugde bring. Mag die Here haar ryklik seën. 082 359 3138

*As daar lidmate is wat graag die ouer lidmate sal wil besoek, kontak Rina Steenkamp 084 734 4181*

## ATTESTATE

*Inneke Josling* vertrek met attes na Oos-Londen waar sy haar studie voortsit.

*Chantell van der Merwe* het verhuis na die Moot en sluit daar aan by Oos-Moot gemeente.

*Ons wens julle alles van die beste toe en mag julle baie gelukkig wees in julle nuwe gemeentes. Mag die Here se genade altyd vir julle genoeg wees.*

## BEROEPENUUS

**Beroep ontvang**
Ds MH (Marco) le Roux van GK Reitz/Lindley na GK Witrivier

**Beroep bedank**
Ds R (Riaan) Jansen van Vuuren van GK Lichtenburg na GK Kuruman

## DIE WERKINGE VAN ENGELE

Graag nooi ons julle uit na die Sprekers-aand eerskomende Sondag na aand erediens. Almal is welkom.



## JEUG VAN GISTER



Jeug van Gister was die afgelope Dinsdag bymekaar, ds Lourens du Plessis was aan die woord. Ons oueres het met gespitste ore geluister na sy hantering van Hooglied, 'n boek wat na ons mening gemik is op die rêrige jeugdiges. Toe kom hy by die twee drome. Die een droom is as jou mooiste droom jou ergste nagmerrie word. Die ander droom eindig in onbeskryflike vreugde. En daaroor moet elkeen van ons dink.

Daarna interessant gesels oor besoeke aan die katedrale en kerke in Europese stede en waar en hoe Suid-Afrikaners in Europa by 'n kerk kan aansluit.

Dit was 'n gawe en gesellige kuier!

Volgende kuier is die Herfshartlikheid op 21 Maart.

## *PROGRAM VIR FEBRUARIE*

19 Februarie: 19:00
Ouderlingevergadering.

22 Februarie:
09:00 Nagmaal. Gemeente-ete.
17:30 Nabetragting.




Bespreek by Mareli 076 428 8794 of Nienke 083 398 9080

## HUWELIKSBEVESTIGINGSDATUM

Ons wil graag elkeen se huweliksdatum in ons databasis aanteken. Stuur asb jou huweliksdatum sommer per WhatsApp na Nienke. 083 398 9080






## VAKATURE VIR ORRELIS

Die Gereformeerde Kerk Waterkloofrand nooi persone uit (wat aan die vereistes voldoen) om aansoek te doen vir die pos van orrelis wat vanaf  1 Maart 2026 vakant sal wees. 'n Aansoekvorm en inligting oor die posinhoud kan verkry word deur Nienke vd Walt te kontak by admin@gkwaterk.co.za of 083 398 9080. Aansoeke sluit op 20 Maart 2026.




LW Die datum van die funksie is verskuif van 14 Maart na 21 Maart.

## KONINGSKINDERS: WAAR SAL MY HULP VANDAAN KOM?

Geliefde Broers en Susters in Christus,

Met diep dankbaarheid en nederigheid wil ons namens die Koningskinders van die Gereformeerde gemeentes Wonderboompoort en Daspoort ons opregte dank uitspreek teenoor elkeen wat deel was van ons onlangse kamp in Desember 2025. Dit is vir ons 'n voorreg om te kon terugkyk op 'n kamp waartydens ongeveer 110 mense saam die Here gedien en Sy liefde prakties uitgeleef het.

Deur u vrygewige ondersteuning—hetsy deur die borg van kinders, skenkings van kos, Bybels, kospakkies en ander noodsaaklikhede—het u 'n direkte rol gespeel in die lewens van baie kinders. Hierdie bydraes het nie net fisiese behoeftes aangespreek nie, maar het ook gehelp om 'n omgewing te skep waar kinders veilig, geliefd en waardevol kon voel.

Gedurende die kamp was ons saam besig met Bybelstudies, waarin die Woord van God sentraal gestaan het. Ons het ook tyd ingeruim vir swem, speletjies, spanbou-aktiwiteite en bergklim, wat nie net vreugde gebring het nie, maar ook verhoudings versterk en selfvertroue opgebou het. Deur al hierdie aktiwiteite het kinders die geleentheid gekry om die Here se skepping te geniet en Sy liefde op 'n praktiese en tasbare manier te ervaar.

Ons erken met dankbaarheid dat hierdie kamp slegs moontlik was deur die genade en leiding van die Here:

"As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter." *Psalm 127:1*

Ons sien u ondersteuning as 'n daad van gehoorsaamheid en liefde—'n ware uitlewing van die evangelie. U bereidwilligheid om te gee, het 'n blywende impak gemaak, nie net vir die duur van die kamp nie, maar ook in die geestelike saad wat in jong harte gesaai is.

Die Skrif herinner ons ook:

"En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie." *Galásiërs 6:9*

Ons bid dat die Here elkeen van u ryklik sal seën, u werk sal beloon en u harte sal versterk. Mag Hy die saad wat gesaai is laat groei tot vrug wat bly, tot eer van Sy Naam.

Nogmaals, baie dankie vir u betrokkenheid, gebede en onbaatsugtige liefde. Dit is 'n seën om saam as kinders van die Koning te kan arbei.

Met opregte dank en seënbede,

**Koningskinders en Bestuur**



## SNIPPERS










1

9

## DISSIPELMAKERS

Daar bestaan nie so iets soos 'n "alleenloper Christen (dissipel)" nie. Ons is lede van een liggaam. Dissipelskap gebeur in gemeenskap. Kom ontdek hoe om die gemeenskap prakties te maak:

📅 27 Feb. 18:30-21:15 & 28 Feb. 8:30-15:15
Gereformeerde Kerk Kameeldrift
Sekelbosweg 510, Roodeplaat
🩹 Gratis Kursus (Ligte etes ingesluit)
👥 Ouderdom: 12 jaar en ouer welkom
Vir meer besonderhede kontak Cilliers Enslin 083 391 4278
Registreer asb. hier:
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfd7rMlsiPB0soaL53xt9pWT2bc-Tj4gVIxaDnv8yNGG9HtjA/viewform

## JOSHIA NA DIE REËN

GK Brooklyn bied 'n fondsinsamelingsfunksie aan in die vorm van 'n vertoning van Joshia na die Reën. Ons wil graag een en elk uitnooi na die geselligheid. Dit word gehou by NG Lynnwood in Sussexlaan. Toegang R250 pp. Meer inligting op die kennisgewingsbord by die kombuis.
Heerlike kos en drinkgoed is beskikbaar vanaf 17:00.




## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Herman van Heerden
082 604 3352

**OUDL. SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No.
9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan